


# Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die  
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika



November 2011



In Christus se voetspore

Lees binne...

- In Christus se voetspore – 1
- Kerk in gebed – 2
- Boodskap aan die kinders in die Kerk – 3
- Die vergadering maak deure oop – 6

## In hierdie uitgawe

- BI 1 In Christus se voetspore (Dr Christo van der Merwe)
- BI 2 **Namens die redakteur**  
Kerk in gebed (Dr Daan van Wyk sr)
- BI 3 **Kerk en wêreld**  
Die Christendom is uniek (Ds Wynand Rademeyer)  
Mediaverklaring 5 Oktober 2011  
Boodskap aan die kinders in die Kerk
- BI 4 **Kerkwêreld**  
Bekende Bybelvertaler oorlede  
Nuwe Moderator vir NG Kerk (Ds Etienne Fourie)
- Ble 4-5 **Kerkwerf**  
Stralende heerlijkheid – 75 jaar vir Gemeente Carolina (Oudl Bertie Benson)  
Buitengewone AKV (foto's)  
NHSV Kongres (foto's)
- BI 6-7 **Buitengewone AKV**  
Die vergadering maak deure oop (Prof Andries van Aarde)  
Kan ons asseblief nou net Kerk van Christus wees? (Oudl Tolla Strydom)  
My belewenis van die vergadering (Dr Malan Storm)  
Koninkryk? (Ds Louis J Venter)  
Dit wás 'n fout (Dr Piet van Staden)  
Kom ons werk eerder saam (Prof Bieks Beukes)
- Agterblad **Oordenking**  
Hy gaan by ons tuis (Ds Francois Evert)

## Kerk in gebed

**Dr Daan van Wyk (sr)** skryf: Die Buitengewone Algemene Kerkvergadering van 4 en 5 Oktober 2011 sal in die Hervormde Kerk bly uitstaan as 'n belangrike moment. Was dit 'n hoogtepunt of dalk 'n dieptepunt? Die geskiedenis sal die antwoord gee. Die belangrike nou is die besef dat ons by 'n belangrike moment van verantwoording voor God oor ons kerkwees gekom het.

Die maande voorafgaande was vir die meeste ampsdraers en lidmate 'n bitter, slegte, hartseer tyd: Kan dit wat ons nou in ons Kerk beleef, waar wees? Maar pyn en swaarkry doen mense, ook die Kerk, nie kwaad nie. Dit bring ook vrugte voort: gebed en volharding. Daar is aangrypende getuienis van lidmate se betrokkenheid in gebed vir die Kerk soos selde indien ooit tevore. Boodskappe aan afgevaardigdes: Ons bid. Ons roep soos in Psalm 77, ook in die nag, met uitgestrekte hande; nie dat een kant sal wen nie maar dat die eer van die Here gedien sal word; dat die eenheid van die Kerk behoue sal bly; dat ons ons nie haatlik sal gedra en mekaar sal haat nie; dat daar waardige en ordelike gedrag sal wees sodat ons ons nie langer voor God en die mense sal hoef te skaam nie.

Waar aan God in die hoogste hemel eer gesing word, kom daar vrede vir mense in wie Hy welbehae het. Hy het gebede verhoor. Die vergadering kon vir twee dae saam luister, aanbid, lofsing, bely en ordelik op kerklike wyse en in kerklike taal met mekaar praat. 'n Kerk, so in gebed, kan hoop hê op genesing.

Daar is in hierdie gebeure nie wenners of verloorders nie. As daar van 'n verloorder sprake moet wees, dan is dit die Kerk, veral gedurende die voorafgaande proses. In hierdie menslike rusies en gedinge is dit altyd die Kerk wat seerkry. Daar behoort daarom by niemand triomfantlikheid te wees nie. Daar mag sprake wees van 'n triomferende kerk. Maar dit wag vir ons in die ewigheid, by die Here. Hier op aarde sal ons die strydende kerk van Christus bly. Dit sal en mag nooit anders wees nie.

Met die afloop van die vergadering staan ons nie aan die einde nie maar aan die begin van 'n proses van verantwoording oor die Kerk se lewe voor die aangesig van God. En wat gehoor word, is die duidelike aanhoudende refrein: Bekeer julle, almal, tot die lewende God.

Die Kerk moet in gebed bly. Daar lê bitter swaar tye voor; om in hierdie land en tydsgewrig kerk van Jesus Christus te bly. God wil deur ons die kennis van Christus oral versprei soos 'n aangename geur. Dit is waarop dit aankom. Dan sal ons Kerk nie 'n doodsgesur versprei wat die dood bring nie, maar 'n lewensgeur wat lewe wek (2 Kor 2: 14-16).

\*\*\*\*\*

## In Christus se voetspore

**Dr Christo van der Merwe** skryf dat om in Christus se voetspore te loop, die essensie is van Christenwees. Dit beteken om dissipel van Jesus te wees. 'n Groot leemte in die Christelike kerk vandag, is dat die dissipel-begrip 'n vergete begrip geword het. Vir die kerk is geloof in Christus ononderhandelbaar.

Die begrip *dissipel* was goed bekend in die tyd van die Bybel. Daar was dissipels van die wet van Moses, van die Fariseërs, van Johannes die Doper, en nog vele meer. Die dissipels van hierdie leermeesters moes hulleself volkome aan hulle leermeester onderwerp. Jesus roep egter mense primêr tot Homself, nie bloot tot wat Hy leer nie. Hy verwag verder van sy dissipels volkome gehoorsaamheid. Hy gee dus aan dissipelskap 'n nuwe inhoud.

Roeping deur Jesus is ook roeping na Jesus toe. Sy dissipels moes Hóm volg, met Hóm verkeer, hulleself heelhartig aan Hóm verbind. En Jesus roep sy dissipels tot onvoorwaardelike gehoorsaamheid vir die res van hulle lewe.

Verder word Jesus se dissipels geroep om te dien (Mark 1: 17, Luk 10: 1-20). Jesus moes sy dissipels telkemale tereg wys wanneer die versoeking van ambisie of selfbejammering hulle roeping om selfloos te dien, vertroebel het (Matt 20: 26-28, Luk 18: 28-30). Selfgesentreerdheid het geen plek in die lewe van Jesus se dissipels nie.

Nog iets wat dissipelskap in Jesus se geval uniek maak, is dat Hy sy dissipels roep tot 'n lewe van nederigheid en eenvoud. In 'n samelewing soos ons s'n waar materiële besittings en status so swaar weeg, skep Jesus se eise groot uitdagings. En Jesus Christus se dissipels moet bereid wees om te ly ter wille van Hom. Hulle moet in sy voetspore loop, en sy pad is die pad van die kruis! Lyding vir Jesus se dissipels kan baie vorms aanneem. Lyding vir Christene is nie altyd slegs fisies nie, Christene kan ook emosioneel of geestelik ly soos Paulus gely het (Rom 9: 2).

Jesus het mense geroep ongeag hulle kwalifikasies, rang of stand. Hy roep alle mense na Hom toe, selfs die uitgeworpenes.

Wat sê dit vir ons as kerk? Die Christelike kerk is nie 'n klub waar óns behoeftes bevredig moet word nie. Dit is 'n liggaam, 'n geestelike gebou, 'n familie, 'n leermag, wat wanneer hulle die roeping van Christus aanvaar ook die verantwoordelikheid aanvaar om sy dissipels te wees. Dit is nie 'n kwessie van ons persoonlike keuses en voorkeure nie, dit is 'n kwessie van om met die grootste erns en toewyding die voorwaardes en eise van die dissipelskap wat Jesus op ons lê, te aanvaar. Ons is deur Hom gekies, deur Hom geroep, deur Hom gekoop, ons behoort daarom nou aan Hom, en daardeur behoort ons ook aan mekaar. Dit is wat dit beteken om in Christus se voetspore te loop, hoe maklik of moeilik, vreugdevol of pynlik ons dit ook al mag vind.

Die koste van dissipelskap is groot – die doel, voorregte en beloning daarvan is veel groter!

\*\*\*\*\*

## Buitengewone AKV

### MEDIAVERKLARING 5 Oktober 2011

Die Buitengewone Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het op 4 en 5 Oktober 2011 vergader om 'n beswaarskrif teen die besluit waarmee die 69ste Algemene Kerkvergadering die teologiese regverdiging van apartheid verwerp het, te bespreek, en om te besin oor die Kerk se pad vorentoe.

Die beswaarskrif wat op 22 November 2010 aan die Kommissie van die AKV oorhandig is, is in elke opsig met 'n groot meerderheid deur die vergadering afgewys. Die vergadering het bevind dat die besluit oor Beskrywingspunt 54 van die 69ste AKV nie 'n nuwe leer in die Kerk indra nie.

Die vergadering het ook die volgende nuwe besluit geneem en daarmee die Kerk se saak met apartheid afgehandel: *Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika verklaar dat die politieke beleid van apartheid wat toegepas is in die Republiek van Suid-Afrika, nie teologies geregverdig kan word nie, en herroep hiermee alle goedkeurings in die verlede van die beleid in uitsprake deur die Kerk en namens die Kerk. Dit was in stryd met die evangelie van Jesus Christus.*

Daarmee saam het die Kerk besluit om voortaan met passie en oortuiging aandag te gee aan die sake wat die essensie van die Kerk se dienswerk uitmaak. Dit sluit sake soos gesins- en jeugbediening in.

## Boodskap aan die kinders in die Kerk

Die Buitengewone Algemene Kerkvergadering is 'n vergadering van dominees en ouderlinge wat lank gepraat het oor belangrike sake van die verlede wat ook vir vandag betekenis het. Maar ons besef die verlede is verby en vandag se tyd hardloop uit. Voor ons lê die toekoms. Wanneer ons plekke leeg is, moet julle ons plekke vol staan in die Kerk en in gemeentes. Julle is vir God en vir ons belangrik. Ons wil hê dat julle ook vir God en die Kerk van Jesus Christus sal lief wees. God gee ons almal hoop, en ons wil julle help om ook Jesus se getuies in hierdie wêreld te wees. Ons bid vir julle.

\*\*\*\*\*

## Kerkwerf

Lees oor **Gemeente Carolina** wat vanjaar 75 jaar oud is, en kyk na **foto's** van die Buitengewone AKV van 4 en 5 Oktober en die NHSV Kongres van 6, 7 en 8 Oktober.